## 17 Maart - DWAAS

**Skrifgedeelte: Psalm 14 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 14:1**

Volgens die Bybel is die dwaas nie noodwendig iemand met min verstand nie. Hulle is mense wat nie hulle verstand reg gebruik nie. Psalm 14 sê dat so 'n mens die bestaan van God ontken. So 'n mens is dus Godloos. As gevolg daarvan is dit wat hulle doen 'n gruwel vir die Here. Hulle is dus ook goddeloos, sondig, uittartend en in opstand teen alles wat goed en reg is.

Omdat hierdie twee begrippe, *Godloos* en *goddeloos*, so naby mekaar is, moet ook gelowiges ernstig na Psalm 14 luister. Ons is nie Godloos nie, maar tree dikwels goddeloos op. Ons is ongehoorsaam aan God wat sy wil so duidelik in sy Woord openbaar. Ons dwaal af, ons ontaard en doen doen dinge wat nie goed is nie (vs 3).

Daarmee maak ons eintlik asof Hy nie bestaan nie, asof Hy nie 'n sê het nie, asof ons maar kan doen en sê en dink net wat ons wil. Is dit nie net so Godloos soos die dwaas van Psalm 14 nie?

Hoe kan en moet ons as gelowiges dan anders as die dwaas optree? Die Here leer dit in sy Woord:

- Spreuke 1:7 – "Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag."
- Job 28:28 – "Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig."
- Spreuke 2:12 – "Wysheid sal jou weghou van die verkeerde pad af, van die mense wat verkeerde dinge verkondig, van die wat die regte paaie verlaat ..."

Wysheid hou 'n mens dus naby aan God. Kom ons bid ook vandag dat die Here ons wysheid sal gee en van dwaasheid sal bewaar. 'n Wyse mens het soveel seëninge. Psalm 14:5 sê dat God aan die kant van die regverdige (wyse) is.

Leef dus 'n wyse lewe – vermy dwase, dwaasheid en dwase optredes.

*Sing: Psalm 90:1, 7 (1936-beryming)* *Ds L Vogel (Walvisbaai)*